basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Afrikaans Tweede Addisionele Taal

(KABV)

Graad 10

Onderwysersgids:
Lesse vir leerders

Derde Kwartaal

2012

Erkenning word hiermee aan die samestellers van hierdie onderwysersgids verleen.

N. Ackerman, Y.du Preez, M. Dumane, E. Immelman, P. Janse van Renburg, J. Kekana, P. Meyer, W. Mohambi, H. van Rooyen, M Venter.
Noord-Wes Departement van Onderwys

Departement van Basiese Onderwys

Sol Plaatje Huis
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357-3000
Faks: +27 12 323-6601

Pleinstraat 120
Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465-1701
Faks: +27 21 461-8110
http://www.education.gov.za

http://www.thutong.doe.gov.za

© 2012 Departement van Basiese Onderwys

Kopiereg voorbehou

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 10: Feeste	**4**
Hoofstuk 11: Beroepe	**9**
Hoofstuk 12: Van Khoisan tot Kwaito	**13**
Hoofstuk 13: Die Rekenaar	**16**
Hoofstuk 14: Natuurdinge	**22**

Kopiereg voorbehou

Hoofstuk 10: Feeste

(Weke 21 en 22)

Oefening 3

Woordeboekgebruik

3.1

g	**e**	**s**	**i**	**n**	**e**	**s**	
e	**e**				**k**	**m**	
s		**b**			**i**	**o**	**v**
k	**t**		**o**		**l**	**k**	**i**
e		**a**		**o**	**o**	**e**	**e**
n			**a**		**r**	**o**	**r**
k				**l**	**v**	**t**	
e	**k**	**u**	**l**	**t**	**u**	**r**	**e**

3.2. Laat leerders bogenoemde woorde se betekenisse in die woordeboek opsoek en 'n sin met elke woord maak.

Oefening 4

1. somer
2. - skole en besighede was gesluit
   - slawe het hul base as gelykes gedien / dieselfde klere aangetrek
   - skelms en kriminele kon nie gestraf word nie
   - oorlog kon nie teen 'n vyand verklaar word nie **(enige 3)**
3. Die mense het vir mekaar geskenke gegee.
4. Dit word as die dag van Christus se geboorte (en Sy koms na die aarde) gevier.

5 Die saamkuier met familie en vriende is vir hulle (ook) belangrik.

6. - skelms/kriminele
   - slawe
   - presente
   - kalender

Kopiereg voorbehou

7. **Vir verryking**

	C								D			k	
	h		R	o	m	e	i	n	e		o	a	K
v	r	i	E	n	d	e			s	u		l	e
w	i	n	T	e	r				e		w	e	r
	s	e	S			G	e	r	m	a	a	n	s
	t	n	R			t		e	b	k	a	d	f
g	e	e	S		r		w	Y	e	l	r	e	e
m	n		S	o	m	e	r	u	r	e	d	r	e
	e		O		l			l		r	e		s
		b	E	s	i	g	h	e	d	e	s		k
	e	b		l			k						o
g		o	H	a	l	f	r	o	n	d			l
T	h	o	R	w					m		a		e
		m	G	e	l	y	k	e	s	s		e	

Oefening 5

Onderrig/hersien die formaat en taalkenmerke van die vriendskaplike brief. Gebruik die voorgeskrewe rubriek vir die assessering van die lang transaksionele teks.

Vriendskaplike brief (Huistaal, Eerste Addisionele Taal en Tweede Addisionele Taal) [Self-Studiegeids: Oktober 2009]
'n Brief wat geskryf word aan 'n kennis / familielid / vriend / geliefde om op 'n informele wyse te kommunikeer.

Posbus 198 Harrismith 9880 Datum Liewe Ma en Pa Dit is 'n nare, mistroostige dag hier by die koshuis. Ek verlang sommer huis toe. *• 'n Vriendskaplike brief is persoonlik, openhartig, vriendelik en word gewoonlik in 'n meer informele styl as 'n opstel geskryf.* *• Die doel hiervan is om met familie of 'n vriend te kommunikeer.* *• Die vriendskaplike brief bevat gewoonlik nuus en verstewig verhoudings.* *• Dit moet lewendig en interessant wees.* *• Spreek die ontvanger direk aan.* *• Vermy slordige taal en slengwoorde. (Indien 'n Engelse woord onvermydelik is, moet dit onderstreep word; in gedrukte vorm sal dit skuinsgedruk wees.)* *• Die toon en register moet pas by die verhouding tussen die briefskrywer en die ontvanger van die brief.* *• Die kort inleidingsparagraaf moet 'n skakel wees tussen jou en die ontvanger van die brief.* *• Die slotparagraaf moet die brief saamvat en dalk ook 'n rede gee hoekom die persoon vir jou moet terugskryf.* Dit was nou so lekker om sommer met julle te gesels.	Wenke: • Die formaat van die brief moet korrek wees: adres, datum, aanhef, paragrawe, afsluiting. • Die adres van die skrywer word regs, boaan in blokvorm geskryf. • Geen leestekens word in die adres gebruik nie. • Daar word nie 'n reël tussen die poskode en die datum oopgelaat nie. • Die datum word voluit geskryf: 10 Maart 2010 • Let op die verskillende wyses hieronder waarop die adres geskryf kan word. • Aanhef: NIE "Liewe Ouers" nie; "Beste" of "Liewe" word gebruik; dit word teen die linkerkantlyn geskryf. • 'n Reël word tussen elke paragraaf oopgelaat. • Groete of Liefdegroete of Liefde, ens. is die laaste paragraaf van die brief en daarom is daar 'n punt aan die einde. • Daar word nie 'n reël in die afsluiting van die brief oopgelaat nie. • Die omskrywing "Julle verlangende dogter" of "Jou vriend" is opsioneel.

Kopiereg voorbehou

Liefdegroete. OF Mooi wense. OF Sterkte. Julle verlangende dogter Cecile	

Kerkstraat 1 Uitbreiding Pleknaam Kode	Posbus 88 Pleknaam Kode	Huis 342 Pleknaam Kode	Plot 588 Pleknaam Kode	Rusthof Pleknaam Kode

Sewendelaan 10 OF Sewende Laan 10
Westdene
2000

Let op die volgende: Kerkstraat is altyd een woord omdat dit 'n samestelling tussen TWEE soortname is. Arcadia straat is 'n samestelling tussen 'n eienaam en 'n soortnaam en daarom kan dit soos volg geskryf word: Arcadiastraat, Arcadia Straat, Arcadia-straat, Arcadia-Straat. (*AWS*, 2009 p.121)

Oefening 6

1. Wit trourok en tradisionele bont klere
2. Oranje
3. Sy is getroud.
4. vier/4

Oefening 7



Oefening 8

1. jou
2. Ek
3. my
4. jy
5. hy
6. jou
7. jou
8. jy
9. my
10. my

Kopiereg voorbehou

Oefening 9

1. (a) sy (b) haar (c) sy (d) haar

2. (a) hy (b) sy (c) Hy (d) sy

3. (a) sy (b) hom

Oefening 10

1. Pulane ry op Werkersdag met sy broer se fiets (op Werkersdag) na sy vriend se huis.
2. Mans besoek gewoonlik op Familiedag die Rooms-Katolieke kerk.
3. Die fikse atlete hardloop op Jeugdag tot hulle moeg is in Tau se strate.

Oefening 11

1. **Skielik** het dit op Kersdag hard begin reën.
2. **Elke dag** lees Nomsa die koerant voordat sy skool toe gaan.
3. **In die somer** swem die seun, omdat hy warm kry.
4. **Smiddae** neem die skoolkinders aan allerhande sportsoorte (deel) by die skool deel.
5. **Binnekort** gaan daar sportvelde vir ons skool gebou word.
6. **Verlede week** het my moeder uit die hospitaal gekom.
7. **Gewoonlik** is daar by 'n Moslem-troue 'n fees ná die seremonie.
8. **Dikwels** verkies 'n Moslem-bruid 'n rooi uitrusting met goue drade.
9. **Elke dag** dra die Ndebele-bruid 'n krale-voorskoot en geelkoper-enkelringe.

Oefening 12

1. ’n Zulu-bruidegom dra **nie** 'n luiperdvel en 'n kopring **nie**.
2. Het jy **nog nooit** gesien hoe Zulu-meisies briewe van krale maak **nie**?
3. Die Zulu-meisies se krale-briewe het **glad nie** te veel kleure **nie**.
4. Wit krale beteken **nie** dat 'n Zulu-meisie 'n jong man liefhet **nie**.
5. Gaan jy **nie meer** elke Saterdag na een van jou Zulu-vriende se troues toe **nie**?
6. Is daar **niks** wat jy van 'n Zulu-troue wil weet **nie**?
7. Maak Zulu-meisies **nooit** krale-briewe vir jong mans wat hulle liefhet **nie**?

Oefening 13

1. Afr.
2. Eng.
3. Di.
4. Apr.
5. Ekon.
6. dipl.
7. l
8. g
11. antw.
12. afd.
13. hfst.
14. bw.
15. UNISA
16. pres.
17. m.b.t.
18. def.

Kopiereg voorbehou

9. kg
10. h
19. juf.
20. oef.

Oefening 14

1. danssaal
2. halssnoer
3. etensuur
4. nooiensvan
5. lewensverhaal
6. vrugtekoek
7. hemelsbreed
8. jakkalsstreke
9. kattekwaad
10. kinderwaentjie
11. lewensgevaar

Oefening 15

1. nie
2. Saterdag
3. vriende
4. gelukgewens het
5. skoongewas
6. blikkies
7. bruidspaar
8. haar
9. ds.
10. stadsaal

Kopiereg voorbehou

Hoofstuk 11: Beroepe

(Weke 23 en 24)

Oefening 1

a) Onderwyser iemand wat kinders op skool leer	b) Dokter iemand wat siek mense gesond maak	c) Bakker persoon wat brood, koek, ens. bak
d) Brandweerman iemand wat brande blus	e) Platejoggie iemand wat musiek maak	f) Bouer iemand wat huise, woonstelle, ens. bou
g) Fotograaf iemand wat foto's neem	h) Huishoudster vrou wat 'n huishouding waarneem / bestuur	i) Vlieënier iemand wat 'n vliegtuig bestuur
j) Kelner man wat ander mense bedien, bv. in 'n restaurant	k) Tandarts iemand wat na mense se tande omsien (*take care*)	l) Veearts iemand wat diere gesond maak
m) Predikant iemand wat kerk hou	n) Polisieman iemand wat sorg vir openbare orde en veiligheid	o) Sirkusnar [hanswors/ harlekyn] iemand wat grappe maak in die sirkus

Oefening 2

1. I
2. C
3. H
4. A
5. E
6. B
7. D
8. J
9. G
10. K
11. F
12. L

Kopiereg voorbehou

Oefening 3
Luisterbegrip

Jou eerste dag by 'n nuwe werk

Jy gaan baie senuweeagtig en angstig wees op jou eerste dag by jou nuwe werk en jy gaan dus ook foute maak. Jou werkgewer weet dat jy op jou senuwees is en sal foute oorsien as jy wys dat jy jou bes probeer en graag wil leer. Onthou net dat mens uit foute leer.

Moenie bang wees om te vra nie en vra iemand om jou werk na te gaan.

Verdien respek – jy kan dit nie afdwing nie. Die beste manier om respek te verdien, is om gemanierd, respekvol en vriendelik te wees. Vermy kantoorsondes soos om laat te kom, jaloesie teenoor ander te wys en om te skinder.

Hou aan studeer. Daar is baie maniere om dit te doen, bv. deeltydse studies, seminare en werkswinkels.

Wees geïnteresseerd in jou werk en jy sal vind dat jou werk interessant is en dat jy wel een of ander tyd beloon sal word.

[Lengte van teks: 152 woorde]

Nadat leerders geluister het, beantwoord hulle die vrae en assesseer hul eie werk met behulp van die memorandum.

Memorandum

1. Senuweeagtig / angstig (1)
2. As jy jou bes probeer en graag wil leer. (1)
3. Dat jy uit jou foute moet leer. (1)
4. Vra iemand om jou werk na te gaan. (1)
5. Laat kom / jaloesie / skinder (enige twee) (2)
6. Wees gemanierd / respekvol / vriendelik (enige twee) (2)
7. Seminare / werkswinkels / deeltydse studies (enige twee) (2)

[10]

Oefening 4

1. a) Onwaar. Dit is belangrik dat jy ‘n goeie indruk maak / Jy moet ‘n goeie indruk maak.
   b) Waar.
   c) Onwaar. Moenie tydens die onderhoud rook en kougom kou nie.
   d) Waar.
   e) Waar.
   f) Onwaar. Moenie laat kom vir die onderhoud nie.
   g) Waar.

2. b) Vra dat die vraag herhaal moet word.
3. a) Ek sal van dié werk hou.

Kopiereg voorbehou

b) Dit lyk na ‘n aangename werkplek dié.

4. a) om
   b) rook
   c) kougom
   d) voordele
   e) onderhoude
   f) selfvertroue

5. a) goeie
   b) netjies
   c) duidelik
   d) eenvoudige
   e) voordele

6. a) Ek het soveel as moontlik oor die maatskappy uitgevind.
   b) Ek sal soveel as moontlik oor die maatskappy uitvind.
   c) Ek trek netjies aan vir die onderhoud.
   d) Ek sal netjies vir die onderhoud aantrek.
   e) Ek groet met 'n stywe handdruk.
   f) Ek het met 'n stywe handdruk gegroet.
   g) Ek luister goed na die vrae.
   h) Ek sal goed na die vrae luister.
   i) Ek het duidelik gepraat.
   j) Ek sal duidelik praat.

Literêre teks: Gedig

Ek is oek important – Peter Snyders

'n Bespreking

Die gedig handel oor 'n skoonmaker/straatveër wat die strate moet skoonmaak nadat die rykes (of “geldgatte” soos hy hulle noem) gemors het. Die mense gooi hulle gemors enige plek neer, met geen begrip van wat dit is om hierdie werk te doen nie. Die skoonmaker kom en maak die plek weer skoon. Hy het dit dan veral teen die ryk mense (geldgatte) wat dink hulle is vreeslik belangrik.

Alhoewel die straatveër heel moontlik ‘n arm, minderbevoorregte persoon is, voel hy dat sy werk net so belangrik is as enige ander werk, want sonder sy bydrae sal die wêreld 'n groot gemors wees.

Die spreker praat met die leser in 'n spreektaal eie aan sy omgewing. Uit sy taalgebruik kan ons aflei dat hy van die suidwestelike deel van die Kaap is.

- Vestig leerders se aandag daarop dat hulle 'n plig het om die omgewing skoon te hou.
- Beklemtoon die feit dat ons inter-afhanklik van mekaar is; daarom is alle tipe werk belangrik om 'n samelewing te laat funksioneer .
- In reëls 1-15 lees ons hoe mense met geld hulle rommel oral rondgooi.
- In reëls 16-19 sê die ek-spreker dat sy werk ook belangrik is.
- In reël 15 is “rondgegooi” se letters met groter spasies geskryf om die rommelstrooi te beklemtoon.

Kopiereg voorbehou

Oefening 5

1. Geldgatte / die ryk mense.
2. Aanvaar enige sinvolle antwoord – enige artikel wat in 'n boksie verkoop word, bv. sigarette, vuurhoutjies, lekkers, koekies, ens.
3. Slootjie, gangetjie.
4. Confetti
5. c) / hulle die visgrate in die papier oprol nadat hulle dit klaar geëet het.
6. Wêreld
7. Die skoonmaker / straatveër
8. b) / die gebied wat hy moet skoonmaak, is heeltemal te groot.
9.

KOLOM A	KOLOM B
1. oek	E. ook
2. important	C. belangrik
3. gespendit	F. spandeer het
4. bananaskille	G. piesangskille
5. innie	H. in die
6. bustikkets	I. buskaartjies
7. soes	A. soos
8. cool drinks	J. koeldranke
9. borrels	D. bottels
10. maakie	B. maak die

10. Om die rommelstrooi te beklemtoon.
11. Een.
12. Die laaste versreël. Staan aan die einde van die gedig / die dubbelpunt in reël 17 wys dat iets belangriks volg / die “soe,” in reël 18 skep 'n pouse wat ook wys dat iets belangriks volg.
13. Alle tipes werk is belangrik, want ons is inter-afhanklik van mekaar.

Oefening 6

1. sewe
2. eerste
3. vierhonderd-en-vyftig rand / vierhonderd en vyftig rand
4. vyf-en-twintig / vyf en twintig
5. a) dertigste
   b) tweeduisend-en-twaalf / tweeduisend en twaalf

Oefening 7

1. Ek trek nooit / nie altyd netjies vir 'n onderhoud aan nie.
2. Jy moenie jou sertifikate in 'n lêer saamneem nie.
3. Hy het nog nie / nog nooit vir 'n onderhoud gegaan nie.
4. Moenie met 'n ferm handdruk groet nie.
5. Sy lyk nie baie senuweeagtig nie.

Kopiereg voorbehou

Hoofstuk 12: Van Khoisan tot Kwaito

(Weke 25 en 26)

Luister en Praat

Moontlike antwoorde tydens groepbesprekings:

- Hulle was lief vir veldbessiesap en koedoevleis
- Hulle het in ‘n droë land gewoon waar water skaars was
- Hulle het koedoes/bokke met hul gifpyle geskiet
- Hulle het gif gebruik wat hulle van slange, plante en larwes van kewers gekry het
- Hulle het die gekweste bokke se spore gevolg tot waar die bokke bly lê het
- Hulle het vuur gemaak en die vleis gebraai om te eet
- Hulle het almal om die vuur gesing en gedans uit blydskap
- Hulle vroue het volstruiseierdopkraletjies in hulle hare en om hulle nekke gedra
- Hulle het ook die vleis van luislange, springkane, hase en ystervarke geëet
- Hulle is van kleinsaf geleer om met pyl en boog te skiet

Formele assesseringstaak: Taak 8 – Voorbereide hardoplees

Gebruik die voorgeskrewe rubriek vir die asssessering van hardoplees.

Formele assesseringstaak: Taak 9 – Opstel

Hersien teksstruktuur en taalkenmerke van die verhalende opstel.

Gebruik die voorgeskrewe rubriek vir die assessering van opstelle.

Kopiereg voorbehou

Oefening 1

(a) Foei tog!
(b) Hiert!
(c) Sjoe!
(d) Sies!
(e) Ai!
(f) Sjuut!
(g) Hoera!

Oefening 2

Leerders maak hul EIE sinne, bv.:

(a) Ons moes oor die **pas** ry op pad Natal toe.
Hulle het so **pas** vertrek.
Die kleur rok **pas** nie by jou nie.
(b) Hy loop met sy hande in sy **sak** rond.
Die son **sak** in die verte.
Hy het in die eksamen **gesak**.
(c) Sy het nie gekyk nie en in die gat **geval**.
Ons stel 'n **val** vir die muise wat ons pla.

Oefening 3

(a) Ek gaan **haal** die trekker in die skuur. Koring en mielies word dikwels deur **hael** verniel.
(b) Die boer sê: “Ek het **my** bestelling vir kunsmis reeds die tiende **Mei** geplaas.”
(c) Die beeste is baie **maer**, **maar** daar is niks wat ek daaraan kan doen nie.

Oefening 4

IDIOOM	VERKLARING
Nie op sy mond geval nie.	F Hy is altyd gereed met 'n antwoord
Met die kous oor die kop.	E As die verloorder terugkom
Op eie houtjie doen.	D Jy moet iets sonder hulp doen
Nie gras onder jou voete laat groei nie.	C 'n Mens moet dinge dadelik doen
Die hasepad gekies.	B Ons het vinnig weggehardloop
Die appel val nie ver van die boom nie.	A Die kind aard na sy ouers

Kopiereg voorbehou

Oefening 5

1. Daar was een pyl weg uit Xixau Xwii se pylkoker.
2. Hy moes op ‘n springbokvel op die grond sit totdat die jagters terugkom.
3. “Sê nou sy pa-hulle kry net bene waar die gemsbok was?”
4. Toe die son amper ondergaan.
5. Ja. “Hulle dra stukke gemsbokvleis aan 'n lang stok.”
6. Xixau Xwii se pa het gemsbokspore met 'n gemsbokpoot in die sand gedruk al rondom die vel waarop Xixau Xwii gesit het.
7. klippe op die ghong-rotse geslaan, die mbiras en die wildebeesstert-honkietonk.
8. Die fees is gehou omdat Xixau Xwii sy eerste gemsbok geskiet het.
9. Sy pa het 'n tekening van hom op 'n rots gemaak.

Oefening 6

1. Die mense wat die dokter besoek as hulle siek is, is sy pasiënte.
2. In die somer is daar baie vlieë in die kombuis.
3. Hy is baie vaak en kan nie sy oë oophou nie.
4. My knieë is lam van al die trappe wat ek in die hoë gebou moes klim.

Oefening 7

A

1. Kwaito was basies 'n manier van lewe en het kleredrag, taalgebruik en dans beïnvloed.
2. Dit kon beskryf word as 'n samestelling van disko-musiek, hip hop en R&B.
3. Dit is in Suid-Afrika gebruik om iets goeds uit te druk.

B

1. Kwaito is met ope arms deur die jeug van Suid-Afrika verwelkom.
2. Die wêreld gaan op die maat van polsende Kwaito-ritmes deur hulle verander word.
3. Twee CD’s is in Benoni deur die Synergy-groep opgeneem.

Kopiereg voorbehou

Hoofstuk 13: Die Rekenaar (*Computer*)

(Weke 27 en 28)

Luister en praat

- Lees die eenbedryf, *Ou Grootoor*, vir die leerders.
- Laat hulle net eers aandagtig luister.
- Verduidelik dit vir hulle.
- Hulle kan dit ook rolspeel.

Ou Grootoor, Sarie Combrink

Karakters
Robert (ongeveer 11)
Robert se ma (35)
Meneer Segale (40)
Moletwa (11)
Steven (10)
Anna (10)
Die kinders, 'n groepie meisies en seuns in die skool.

Die agterste deel van die verhoog stel die skool voor. Op die onderwyser se tafel is daar 'n rekenaar. Middel links (regs van die verhoog se kant af) is 'n hekkie wat na die straat toe lei. Die straat loop van middel links na regs voor. Links voor is 'n deur wat na Robert se huis lei.

TONEEL EEN

In die klaskamer. Kinders sit ordelik. Robert, tussen kinders, hou sy hande oor sy ore. Meneer Segale staan voor die klas.

Meneer Segale: Nou goed, kinders. Verstaan julle nou hierdie werk? Weet julle hoe 'n rekenaar werk en wat 'n rekenaar vir ons kan doen?

Kinders: Ja, Meneer.

Meneer Segale: Robert, het jy gehoor wat ek gesê het?

Robert: J…ja, Meneer, ek het gehoor.

Meneer Segale: Jy hou altyd jou hande oor jou ore, Robert. Ek dink jy hoor nooit iets nie. Ek praat mos nie met die mure nie, man.

Die kinders lag.

Anna: Hy hou sy groot ore toe, Meneer.
Robert: Nee, ek…ek hoor, Meneer. Regtig, Meneer. Ek hoor alles.

Kopiereg voorbehou

Meneer Segale: ’n Mens spot nie met ander mense nie, Anna.

Anna: Ekskuus, Menner.

Die kinders lag weer en kyk na Robert.

Meneer Segale: Goed, kinders, pak julle boeke weg en staan.

Die kinders staan op.

Meneer Segale: In julle rye.

Die kinders val in hulle rye.

Meneer Segale: Goeiemiddag, kinders.

Kinders: Goeiemiddag, Meneer.

Die kinders stap ordelik uit en neem hulle boeke saam. Hulle gaan deur die hekkie die straat in. Robert kom heel laaste uit. Hy loop stadig deur die hekkie. ’n Paar kinders kyk na hom.

Kind: Ou Grootoor, ou Grootoor…

Ander kind (*lag):* Jou ore is te swaar, Robert. Hulle gaan nog eendag op die grond sleep.

Robert loop koponderstebo agter die kinders aan. Hy sê niks. Die kinders verdwyn regs voor uit die toneel. Robert draai links af en loop tot by die huis. Sy ma ontmoet hom buite die deur.

Robert se ma: Middag, my kind. Jou kos is reg hoor.

Robert: Dankie, Ma, maar ek is nie honger nie.

Robert se ma: Wat is verkeerd? Het jy pak gekry?

Robert: Nee, Ma. Dis weer my ore. Almal spot altyd met my groot ore. Hoekom het ek nie ook mooi klein oortjies soos die ander kinders nie, Ma?

Robert se ma: My liewe kind, wat sê jy? Ons mag nie kla oor goed soos ore nie. Ons moet net bly wees ons kan hoor.

Robert: Ag! Ma, almal lag vir my ore. Niemand anders het sulke groot ore soos ek nie.

Robert se ma: Dis baie lelik van hulle. Jy moet maak of jy hulle nie hoor nie.

Robert: Ek kan nie, Ma! Hulle hou aan en aan. Eendag gaan ek nog…

Robert se ma: Nog wat doen, Robert?

Robert (*sit sy boeke neer):* Eendag gaan ek na die groot hospitaal toe. Ek gaan my ore laat afsny en ander ore laat aansit. Mooi klein oortjies soos Anna en Steven s’n. Ma sal net sien.

Robert se ma: Ai, ai, ai, kind. En waar gaan jy die geld kry vir die snaakse operasie?

Robert: Ek gaan geld verdien, Ma. Niemand sal my keer nie. Ek gaan sommer vandag al begin. Ek sal my kos later kom eet, Ma. Ek loop nou eers. (*Hy loop terug staat toe.)*

Robert se ma: Ai, die kind … ai, ai. (*Loop in die huis in.)*

Robert loop terug skool se kant toe. Meneer Segale kom deur die hekkie straat toe.

Robert: Meneer, ek kan nie miskien Meneer se nuwe motor was nie? Ek vra min geld … net vyftig sent.

Kopiereg voorbehou

Meneer Segale (*dink 'n bietjie na):* Jaaa … ja, dis 'n goeie plan, Robert. My motor is nie te skoon nie. Ek sal jou sê wat. Ek gee jou 'n rand as jy hom mooi skoonmaak.

Robert: Dankie, Meneer. Ek sal. Ek sal hom skoon en blink maak.

Robert loop saam met meneer Segale van die verhoog af.

TONEEL TWEE

'n Maand later. Robert, Steven en Moletwa kom aangestap en staan in die middel van die straat en gesels

Steven: Ek hoor jy maak so baie geld, Robert. Jy doen allerhande werkies vir mense.

Robert: Ja, dis waar. Ek hou daarvan om te werk..

Moletwa: Wat gaan jy met die geld doen? Jy het seker al 'n hele klomp geld.

Robert: Ek spaar dit vir iets.

Steven: Vir wat?

Robert: Ag, sommer vir iets…(*Hy luister skielik aandagtig*). Ek hoor 'n voertuig wat baie vinnig ry. Kom ons loop uit die straat uit.

Moletwa: Ag nee, ou Grootoor. Jy droom man.

Robert gryp sy maats aan hulle skouers en ruk hulle uit die pad. Die oorverdowende gedreun van 'n vragmotor word gehoor. Die geluid word geleidelik dowwer. Die drie seuns staan verskrik op die sypaadjie.

Steven: Sjoe! Ons kon dood gewees het! Dankie, Robert. Hoe het jy geweet die vragmotor ry so woes?

Robert: Hierdie twee ore van my kan mos goed hoor. (*Hy lag*). Die ding het dan so hard gedreun!

Moletwa: Dankie, Robert. Ek het regtig niks gehoor voordat nie amper te laat was nie. Die wind waai die klank van ons af weg. Vandag is ek bly jy't sulke ore.

Die seuns staan op en loop gesels-gesels weg.

TONEEL DRIE

Die volgende dag. Die skool. Die kinders sit. Menner Segale staan voor die klas.

Meneer Segale: Kinders, vandag wil ek eerste van alles vir Robert dankie sê. Robert het gister twee van sy maats se lewens gered. Julle ken seker almal die storie.

Kinders: Ja, ja, Meneer …ons het gehoor.

Robert sit skaam en glimlag.

Meneer Segale: Kom ons klap hande vir Robert. Hy is vandag ons groot held.

Kinders (*klap hande, fluit en roep):* Robert! Robert! Robert!

Meneer Segale: Wil jy vir ons iets sê, Robert?

Robert (*staan skaam op. Hy kyk* Nie … nie eintlik nie, Meneer. Ek … ek is maar net bly my groot ore kan so goed hoor. Nou … nou hoef ek hulle miskien nie

Kopiereg voorbehou

vloer toe): regtig te laat afsny nie.
Meneer Segale en kinders: Afsny? Wou jy hulle dan laat afsny?
Robert: Ja, Meneer. Nee, .. nee, nie nou meer nie, Meneer. Hulle is maar goed … (*hy vat aan sy ore)*die twee ou pierings van my. Ek sal maar liewer vir my 'n rekenaar koop met die geld …

*Meneer Segale en die kinders klap hande. Almal lag en klop Robert op die skouer. Dan roep hulle almal:*Lank lewe Robert en sy twee pieringore! Hoera vir Robert se ore! Hoera! Hoera!

Gordyn

[Uit: *Lees is 'n Fees*]

Woordverklarings

ordelik	quiet, without noise
mure	walls
spot	mock
rye	rows
hekkie	a small gate
swaar	heavy
blink	shine
oorverdowende	very loud
vragmotor	lorry / truck
sypaadjie	pavement
piering	saucer

Oefening 1 (leerders doen dit mondelings)

1. Enige sinvolle antwoord kan hier gegee word.
2. Skryf die inligting wat die leerlinge gee op die skryfbord neer. Praat daaroor.
3. **Robert:** hy is ontevrede met sy groot ore; hy wil dit laat afsny; hy was Meneer Segale se motor om geld te verdien vir die operasie; hy hoor 'n vragmotor aankom
   en voorkom dat sy 2 maats deur die vragmotor raakgery word.
   Robert se ma : sy probeer hom troos deur te sê 'n mens moet dankbaar wees vir ore waarmee jy kan hoor.
   Meneer Segale: hy laat Robert toe om sy motor skoon te maak; hy praat met die kinders oor Robert se dapper optrede.
   Moletwa en Steven: hulle wou weet waarvoor Robert die geld wou gebruik; Robert het hulle twee se lewens gered.
   Anna: sy het Robert gespot.
4. By die skool, by Robert se huis en in die straat (op die sypaadjie)
5. Die leerlinge moet sê dat dit **nie reg is nie** en dan ook verduidelik hoekom hulle so sê, bv. iemand met groot ore is so gebore en kan dit nie verhelp nie; groot ore maak nie van jou 'n slegter mens nie; dit maak seer as ander jou oor so iets spot; ens.

Kopiereg voorbehou

Lees en kyk

Lees die gedig vir die leerders voor. Maak seker dat hulle verstaan hoe ’n mens met ’n rekenaar “gesels”.

’n Komper is 'n rekenaar *(computer).* ’n Mens praat nie met die rekenaar soos jy met ander mense praat nie. Jy praat met die rekenaar deur vir die rekenaar vrae in te tik en die antwoorde / reaksie word dan skriftelik *(in writing)* deur die rekenaar gegee.

Oefening 2

1. Nommer 4. Die kruidenier.
2. Een groot pak post toasties, een bottel asyn, twee blikkies sardientjies en een blik gebakte bone.
3. Een rand en tien sent.
4. Eenuur / 13:00
5. Die geneesheer.
6. Leerders kan iets soos die volgende skryf. Maak seker dat die **formaat van die dialoog** korrek is.

Klant: Dag.
Komper: Goeiedag. Watter diens verlang u? Een: bankkaarte, twee: onttrekking, drie: inbetaling.
Klant: Een.
Komper: Bankkaarte. Wat verlang u?
Klant: Jy het nou net my bankkaart ingesluk.
Komper: Naam en nommer.
Klant: T. Moloi. 367 123 456
Komper: Hierdie kaart het verval *(expired)*. Jy mag dit nie meer gebruik nie.
Klant: Wat moet ek doen?
Komper: Kry ’n nuwe kaart by die bank.
Klant: Dankie.

Sien die dialoog uit 20 na. Gebruik die voorgeskrewe rubriek vir die lang skryfstuk.

Skryf en aanbied

Help leerders om die TWEE paragrawe te skryf. Fokus op **sinsbou** en **paragraafbou**. Assesseer dit informeel en verbeter/hersien algemene foute wat begaan is met die hele klas.

Oefening 3

1. vaardig
2. rekenaar
3. maatskappy
4. misdaad
5. rekenaarindringer
6. ondersoek

Kopiereg voorbehou

7. vlug
8. vonnis
9. eerlik
10. salaris

Oefening 4

1. dae
2. grootste
3. mense
4. sy
5. daarvan
6. harder
7. blikkie
8. penne
9. haar
10. het (hard) gewerk
11. sy
12. vroeër

Oefening 5

1. mooiste
2. geskrik
3. want
4. het ... gehelp
5. doodbang
6. bekende

Oefening 6

1. Om **verkeerde dinge te doen**, bv. om skelm te wees / om leuens te vertel / om ander mense se goed te vat, ens.
2. Dat dit verkeerd is / hy of sy sal die een of ander tyd uitgevang word / kan in groot moeilikheid beland en gestraf word / gee jou ’n slegte naam, ens.

Oefening 7

Angie werk nou **vir** ’n **maatskappy** en verdien **’n goeie** salaris. Sy weet nie of sy **eerlik is nie**. Sy **het** gedink sy is **’n** goeie werker. Angie het **haar** les geleer. Angie is **’n pragtige** meisie. Die polisie was dankbaar dat sy **hulle gehelp het** om die dief **te vang**.

Kopiereg voorbehou

Hoofstuk 14: Natuurdinge

(Weke 29 en 30)

Luister en Praat

Gesels oor dierestories

- Verwys na **dierestories** wat algemeen as kinderverhale gebruik word, bv. die bekende Jakkals- en Wolfstories, die Drie Beertjies, Rooikappie, ens.
- Verhale waarin diere soos mense optree, word **fabels** genoem.
- Leerders word gestimuleer om saam te gesels oor dierestories wat hul gehoor het toe hul nog klein was.
- Gesels oor tipiese eienskappe waarmee sekere diere geassosieer word, bv. 'n **skilpad** is **stadig**, **jakkals** is **skelm/uitgeslape**, 'n **donkie** is **dom,** 'n **hond** is **baie getrou,** 'n **uil** is **wys/slim** en **leeu** is die **koning van die bos.**

Leerders luister na die voorlesing van die eenvoudige verhaaltjie en probeer vasstel wat die **boodskap** daarvan is, of watter **les** dit vir ons wil leer.

Oefening 1

1. Padda. Die verhaal handel hoofsaaklik oor hom / Die meeste verteltyd word aan hom bestee.
2. Eie keuse met gepaste motivering, bv. **Padda**, want hy het ’n goeie hart / wil graag ander help; **Jakkals**, want hy het ’n slim plan gemaak om vir Slang ’n goeie les te leer.
3. Slang het hom slim gehou. Hy was selfsugtig en het net aan sy eie belang gedink. Aan die einde was hy self die slagoffer (*victim*) van Jakkals se slim plan.
4. Dertig.
5. Padda gee nie vir hulle geskenke nie; hulle wou ook bederf word.
6. Hy wou die grondbone gaan ruil om vir sy vrouens geskenke te kon koop.
7. Hy gee dit vir Jakkals om dankie te sê dat Jakkals hom van Slang verlos/gered het.
8. Hy vlei Padda deur vir hom te vertel hoe sterk hy is.
9. Uitgeslape/skelm/slu/gevaarlik/agterbaks/selfsugtig.
10. Hy is 'n bangbroek.
11. Eie antwoord, bv. Ja, want Jakkals het Slang teruggekry vir wat Slang aan Padda gedoen het.
12. Eie antwoord met gepaste motivering, bv. **Jakkals**, want hy weet altyd hoe om uit ’n situasie te kom.
13. Mens moet regverdig optree en nie net aan jouself dink nie; moenie aan ander doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie.

Kopiereg voorbehou

Oefening 2
Leerders vertel van eie ervarings toe **“slim sy baas gevang het”.**

Lees en kyk

Berei leerders voor om die konteks en inhoud van die gedig te verstaan.

- Die leefwyse van die San-mense; waarom reën vir hulle belangrik was.
- Literêre aspekte wat in die gedig voorkom, bv. **personifikasie** (waar nie-menslike dinge menslike eienskappe kry).

Die gedig word met die nodige gevoel voorgedra/voorgelees. Leerders moet die prentjie in hul gedagtes kan **sien.** Hulle moet die **personifikasie** raaklees en verstaan waaroor elke strofe handel. Verduidelik nuwe woorde binne konteks van die gedig.

Oefening 3
1. Die naderende koms van die reën.
2. suster/jongvrou. Personifikasie.
3. Dit word as 'n naam gebruik.
4. Dit dui op blydskap oor die reën gekom het.
5. vrugbaarheid.
6. Die donderweer wat blits.
7. Die **grootwild** is **bly** en **jaag** uit die **vlaktes**. Die **kleinwild** is **eerbiedig** en **kruip onder die grond**.
8. Beklemtoon die blydskap.
9. ‘n Velkombers.
10. Die reën is van ver af sigbaar; dit kom oor die berge aan; dan raak dit donkerder as die bui uitsak en die wind gaan lê.

Oefening 4
Vir verryking: Leerders lees of dra “MUSKIETEJAG” voor vir die genot daarvan.

Oefening 5
’n Dagboekinskrywing
Verduidelik/hersien die **kenmerke** en **formaat** van die dagboekinskrywing. Verwys na die voorbeeld in die leerders se boek.
Leerders se skryfstukke kan informeel geassesseer word. **Verbeter/hersien algemene foute** met die hele klas.

Oefening 6
1. groot
2. plaas
3. eende
4. damme

Kopiereg voorbehou

5. saak
6. stel
7. dier
8. skenk
9. gaan
10. haal
11. spuit
12. slapende
13. bakkie
14. gevaarlike

Oefening 7

Woord	Meervoud	Verkleining
jakkals	jakkalse	jakkalsie
pêrelstring	pêrelstringe	pêrelstringetjie
klok	klokke	klokkie
boom	bome	boompie
rug	rûe	ruggie
lied	liedere	liedjie
volk	Volke/volkere	volkie
dans	danse	dansie
armband	armbande	armbandjie
bergtop	bergtoppe	bergtoppie
hap	happe	happie
koning	konings	koninkie
kraal	krale	kraaltjie
spoor	spore	spoortjie
bult	bulte	bultjie
voetkussing	voetkussings	voetkussinkie
kalf	kalwers	kalfie
rooibok	rooibokke	rooibokkie
gesig	gesigte	gesiggie
vrou	vrouens/vroue	vroutjie
viool	viole	viooltjie

Oefening 8

1. **on**moontlik (on- = nie)
2. **ver**beter (ver- = so maak, bv. beter maak)
3. **her**ken (her- = weer)
4. **be**nodig
5. wen**ner**
6. werk**loo**s (-loos = sonder)

Oefening 9

Leerders gee voorbeelde van die verskillende sinsoorte uit die leesstukke, bv.:
Stelsin: Padda was baie ryk. / Hy loop drie dae lank.

Kopiereg voorbehou

Vraagsin: Hoe dan nou? / Waaroor praat julle so baie?
Uitroepsin: O die dans van ons Suster!

Oefening 10

1. Die sebra **is** deur die leeu **gevang**.
2. Die Krugerwildtuin **word** gereeld deur (die) toeriste **besoek**.
3. Die slang **sal** deur Sipho **geskiet word**.
4. Die bok **is** deur die jagter **afgeslag**.
5. Die natuur **moet** mooi (deur ons) **opgepas word**.

Kopiereg voorbehou